2019/05/15
07:06 AM

Graan SA Oggend Markkommentaar

	DATUM 2019/05/15	DATUM 2019/05/14			+ - LAST WEEK 2019/05/06	
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data
DJIA-index	25532	207.06	0.82%	25325	-3.7%	26505
Goud (Spot)	1296.89	-3.01	-0.2%	1299.9	1.2%	1281.5
Brent $/vat	69.74	-0.75	-1.1%	70.49	0.6%	69.3
1 € / US$	1.1206	0.01	0.61%	1.1138	0.1%	1.1193
1 US$ / ZAR	14.23	-0.060	-0.4%	14.29	-1.5%	14.45
Corn	R 2 018.98	65	3.3%	R 1 954.36	*CBOT Corn May cents / bushel 08:00 today vs. CBOT May 12:00 the previous day	
Wheat	R 2 296.41	32	1.4%	R 2 264.09	* CBOT Wheat May cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat May 12:00 the previous day	
Soybeans	R 4 274.93	122	2.9%	R 4 153.28	* CBOT Soy May cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy May 12:00 the previous day	
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)						
Corn May 19	360.40	13.00	3.7%	347.40	Pariteitspryse gelewer in Randfontein. Koring DBN invoer pariteit ipv uitvoer pariteit	
Wheat May 19	439.20	8.00	1.9%	431.20		
Soybeans May 19	817.60	26.60	3.4%	791.00		
PLAASLIKE MARKINLIGTING					Invoerpariteit	Uitvoerpariteit
SORGHUM Sep '19	3350.00	0.00	0.0%	3350.00	3728.00	2100.00
WMAZ Spot	2554.00	97.00	3.9%	2457.00	4096.00	2370.00
WMAZ Jun 19	2563.00	59.00	2.4%	2504.00	3529.00	2129.00
WMAZ Jul 19	2599.00	80.00	3.2%	2519.00	3584.00	2182.00
YMAZ Spot	2477.00	57.00	2.4%	2420.00	3529.00	2129.00
YMAZ Jun 19	2514.00	83.00	3.4%	2431.00	3529.00	2129.00
YMAZ Jul 19	2519.00	51.00	2.1%	2468.00	3584.00	2182.00
SOY spot	4592.00	91.00	2.0%	4501.00	6222.00	4486.00
SOY Jul 19	4606.00	110.00	2.4%	4496.00	6485.00	4475.00
SUN Spot	4970.00	135.00	2.8%	4835.00	6343.00	4855.00
SUN Jul 19	4980.00	46.00	0.9%	4934.00	6343.00	4855.00
WHEAT Spot	4505.00	26.00	0.6%	4479.00	4646.00	4326.00
WHEAT Jul 19	4565.00	-73.00	-1.6%	4638.00	4718.00	4398.00
WHEAT Sep 19	4540.00	33.00	0.7%	4507.00	4676.00	4356.00

NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE

BY DIE GELD PUT OPSIE

	WM	YM
JUL '19 TERMYNPRYS	R 2 536.00	R 2 457.00
PUT TREFPRYS	R 2 540.00	R 2 460.00
PUT PREMIE	R 83.44	R 63.96
MIN SAFEX PRYS	R 2 456.56	R 2 396.04

KORING INVOERE

	2018/19	2017/18	5 Jr. GEM
WEEK TOTAAL	32 140	-	28 795
JTD TOTAAL	500 331	1 145 540	917 219
TOTAAL BENODIG	1 520 000	2 173 234	1 727 637
JTD AS % VAN BENODIG	33%	53%	53%

Markoorsig: Die rand verhandel vanoggend teen R14.23/$ wat byna onveranderd is vanaf die vlakke waarteen dit gister middag met marksluiting verhandel het. Die wisselkoers is redelik stabiel en die verwagting is dat dit in 'n redelike nou prysband behoort te verhandel vir die volgende paar weke tot die inhuldiging van die nuwe kabinet. Die markdeelnemers sal die samestelling van die nuwe kabinet dophou en dit kan moontlik die rand in 'n rigting laat verhandel afhangende van of die markdeelnemers die nuwe kabinet as positief of negatief ervaar.

Mielies: Die Amerikaanse mieliemark het gister weer goeie ondersteuning gevind en het meer as 3% hoër gesluit vir die dag hoofsaaklik as gevolg van die bekommernisse rakende die tempo van die aanplantings in die VSA. Volgens die nuutste produksietoestande verslag wat die USDA bekend maak is slegs 30% van die jaar se mielie aanplantings tot dusver voltooi. Dit is laer as die algemene verwagtinge wat in die mark was vir die week. Die is ook aansienlik laer as die 5 jaar gemiddelde tempo van 66% voltooi teen hierdie tyd van die seisoen. Die Amerikaanse aanplantings sal die grootste aspek bly wat die internasionale markte die volgende twee weke sal beïnvloed aangesien die baie kritiek sal wees vir die aanplantings om binne die volgende twee weke plaas te vind. **Plaaslik:** Die plaaslike mieliemark het gister goeie ondersteuning gevind en het sterker verhandel in meeste van die kontrakmaande van beide wit en geelmielies wat tans gelys is.

Sojabone: Die Amerikaanse sojaboonmark het gister ook goeie ondersteuning gevind en het meer as 3% sterker verhandel vir die dag met die aanplantings van sojabone wat ook later as normaal is. Volgens gister se USDA produksievorderingsverslag is slegs 9% voltooi. Dit is aansienlik laer as die vorige seisoen se 33% en die 5 jaar gemiddeld van 29% voltooi teen hierdie tyd van die seisoen. Privaat uitvoerders het gister sojaboon uitvoerverkope van ongeveer 167 000 ton aan die USDA gerapporteer. Dit is vir lewering aan onbekende bestemmings in die 2018/19 seisoen. Die handelsoorlog tussen die VSA en China tesame met die tempo van die Amerikaanse aanplantings sal die grootste drywer van die internasionale pryse wees oor die volgende paar weke. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het gister goeie ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die dag in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is.

Koring: Die Amerikaanse koringmark het gister goeie ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die dag hoofsaaklik as gevolg van 'n oorspoel effek vanaf ander markte wat goeie ondersteuning gevind het. Al drie die Amerikaanse koringmarkte het sterker gesluit vir die dag. In die nuutste produksievorderingsverslag is aangedui dat 15% van die Amerikaanse winterkoring in 'n goeie tot uitstekende toestand is. Dit is beter as die vorige week se 12% wat in 'n goeie tot uitstekende toestand was. Die lentekoring aanplantings word op 45% voltooi gerapporteer en alhoewel dit 'n goeie sprong vanaf verlede week se 22% voltooi was, is dit steeds aansienlik laer as die vorige seisoen en die 5 jaar gemiddelde tempo teen dieselfde tyd van die jaar. **Plaaslik:** Die plaaslike koringmark het gister goeie ondersteuning gevind in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is.

Plaaslike Markinsigte & Data: *www.grainsa.co.za /www.sagis.co.za*
Internasionale Markinsigte & Data: *www.usda.co.za*

Opgestel deur *Luan van der Walt, Ikageng Maluleke en Ruan Schutte /* ***Vir navrae, kontak****: luan@grainsa.co.za*
Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.